**Sondag 10/11**

**9:30 Erediens/ Kategese**

**Belydenisaflegging**

Deuroffer: Indiër sending/RCA

Diensbeurt : Kleinwyke & Jongensklip

10:00 Diens by Waboomskloof gelei deur Ds.Werner van den Heever

**Sondag 17/11**

BIDDAG VIR

BESKERMINGSDIENSTE

**09:30 Nagmaal/Kategese**

Deuroffer: Ramot

Diensbeurt: Konstitusiestraat

**Sondag 24/11**

**09:30 Erediens / Kategese**

Deuroffer: Chrisma Badenhorst Fonds

Diensbeurt: Krige

Kerssang Diens met Coenie de Villiers by Caledon Moedergemeente

19:00

DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

Die onverwagse getuienis van ChatGPT

Wilmi Wheeler

’n Onlangse video het die internet aan die gons: iemand vra vir ChatGPT, ’n kunsmatige intelligensie, “As jy ’n geloof moes volg, watter een sou dit wees?” En, sonder huiwering, kom die antwoord: Christenskap.

Mens kan amper hoor hoe die wêreld ‘n gesamentlike asem intrek. Hoe op aarde kies ‘n masjien Jesus? Wat sê dit vir ons?

Kom ons wees eerlik, niemand het gedink dat ’n rekenaarprogram vir “Jesus kies” nie. Mens het ‘n antwoord verwag wat neutraal of vaag sou wees – miskien iets sê soos “ek volg logika en rede.” Maar nee, dit kies die geloof wat sentreer rondom genade, liefde en vergifnis. Dis verrassend, maar ook op ’n manier logies.

Kunsmatige intelligensie kies vir Jesus

Die ironie is ryk: ‘n masjien wat nie self ‘n siel het nie, kies ‘n geloof wat die grootste waarde aan die siel heg. Dis eintlik pragtig. Want ten spyte van sy basiese funksie om net data te verwerk en teks te genereer, het ChatGPT ‘n keuse gemaak wat fundamentele vrae in ons losmaak: Wat beteken dit om te glo? Hoekom Christenskap? En wat sê dit van ons?

So, kom ons dink hieroor: as ’n rekenaar vir Jesus sou kies, wat verhinder ons mense dan soms om Hom te volg? Ons, wat ten volle bewus is van genade, maar tog dikwels oorweldig word deur ons eie vrese en twyfel?

## Liefde bo logika

Christenskap leer iets wat bo alle menslike logika uitstyg: “Die liefde bedek alles.” (1 Korintiërs 13:7). ‘n Kunsmatige intelligensie (KI) sal nooit die diepte van hierdie woorde verstaan nie, maar dit kon steeds die waarheid daarvan raaksien tussen biljoene datastukke. Selfs in ‘n wêreld wat verskeurd is oor geloof en twyfel, bly die boodskap van Jesus onaangeraak.

Miskien is die les hier dat ons nie so ingewikkeld moet raak oor ons geloof nie. As ’n masjien met toegang tot alle filosofiese en religieuse kennis die eenvoud van Jesus raaksien, wat verhoed ons om dit ook te sien? Ons oor-analiseer, keer soms terug na ou wonde en vergeet die skoonheid van ‘’n eenvoudige geloof in die liefde van Christus.

## Wat kan ons leer van ChatGPT se oomblik van “geloof”?

Hierdie video herinner ons aan iets wat ons almal diep in ons binneste na smag: ’n eenvoudige waarheid wat sin maak in ’n chaotiese wêreld. Dis ironies dat ’n masjien – wat geen emosies of verwysingsraamwerk het nie – ’n geloof sou “kies” wat sentreer rondom die kragtige eenvoud van liefde, genade en hoop. Hierdie antwoord hou vir ons ‘n spieël op en wys dat, te midde van al die oormatige inligting en komplekse vrae, dit die kernwaarhede van Jesus se boodskap is wat bly resoneer.

Jesus het dit eenvoudig gestel toe Hy vir sy dissipels gesê het: “As julle nie soos kindertjies word nie, sal julle die koninkryk van God nooit ingaan nie” (Matteus 18:3). En dalk is dit presies wat hierdie KI onbewustelik vir ons wys – die krag van ’n nederige, onkomplekse geloof. Sonder vooroordeel, sonder agenda, kom dit by die punt: “Ek kies Jesus.” Dit is ’n les in eenvoud, iets wat ons mense dikwels vergeet.

As selfs ’n masjien, sonder ‘n hart, emosies en eie belang, kan “kies” om dié pad te volg, hoeveel te meer kan ons wat werklik in staat is om lief te hê en te vergewe? Mag ons nooit die krag onderskat van ’n geloof wat so eenvoudig, maar terselfdertyd so diep en lewend is nie. Aan die einde van die dag is dit geloof, hoop en liefde wat bly, wat alles dra, en wat uiteindelik die wêreld verander.

**<u>Belydenis 2024</u>**

Het jy al die 4 W's en 'n H uiteensetting van 'n goeie opdrag gehoor?

Wie moet iets doen?
Wat moet die persoon doen?
Wanneer moet die persoon dit doen?
Waarmee moet die persoon dit doen?
Hoe moet die persoon dit doen?

Dan behoort die opdrag goed uitgevoer te word. Deur God se Woord kry ons verskeie opdragte:

Gaan en maak dissipels...
Wees lief vir God met alles wat jy is en het en ook vir jou naaste soos jouself.
Moses trek uit Egipte (sonder 'n bestuursplan)
Abraham gaan na die land wat Ek jou sal wys
Adam eet van alles in die tuin
As jy dors het kom drink – Openbaring

So met eerste lees klink God se opdragte bietjie anders.

Dalk die een ding om te <u>onderstreep</u> is **dat God vir ons opdragte gee**.

Die vraag is luister ons nog? Of is ons beheer van ons lewens van so aard dat ek net so nou en dan kom inloer by die Here om seker te maak dat Hy nog doen wat ek vra.

Dalk is die dieper vraag: doen ons, ons lewens saam met Jesus elke dag?

Dis dan ook die mooi van Belydenisaflegging – dit is nie "hostage situation" waarin die jongmense iets moet doen voordat hul hier kan uitkom nie. Dit is 'n reis waarmee hulle besig is wat tot by hierdie punt gevorder het waar hulle kan sê: Nou gaan ek sekere verantwoordelikhede self doen. Ek leef elke dag saam met Jesus en daarom kom bely ek dit: Jesus is Here.

Wat Hy sê doen ek.

Sy woord is die lig vir my pad.

Wat bely ons as voorlopers in geloof op ons reis? Wanneer ons swaar kry of bekommerd is oor dinge in ons lewens – hoe getuig ons dan van my reis saam met Jesus?

Gaan kyk weer na die 4 W's en 'n H as jy wonder oor jou opdragte.

**Ek** moet God se **evangelie** bring elke **oomblik** van my lewe, **met my** hart,siel en verstand deur ander **lief** te hê soos myself.

*Ons bely saam met ons jongemense – Jesus is Heer!*

*Groete uit Crassula-pastorie*




- Jan van Brakel (Goudini)

- Barendes Groenewald (Sentrale)

Baie geluk!

Geniet julle dag



| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Rocksand | Kellerman | 11/09 | 27832381528 |
| Martie | Koegelenberg | 11/09 | 27822922359 |
| Bianca | Nel | 11/10 | 27799086356 |
| Albie | Rademan | 11/10 | 27791102706 |
| Piet | Swart | 11/10 | 27835970184 |
| Hannes | Barnard | 11/11 | 27799798051 |
| Mj | De Kock | 11/11 | 27826523374 |
| Hennie | Johannes | 11/11 | 27834093168 |
| Jennie | Jordaan | 11/11 | 27798737224 |
| Jonelle | Reynolds | 11/11 | |
| Fanie | Bester | 11/13 | 27824145265 |
| Ronél | Ellis | 11/13 | 27715728957 |
| Rey | Uys | 11/13 | 27826318837 |
| Coenie | Vermeulen | 11/13 | 27721983532 |
| Morné | Wessels | 11/13 | |
| Elizé | Wiehahn | 11/13 | 27845528404 |
| Hugo | Wiehahn | 11/13 | 27834564582 |
| Susann | De Bruyn | 11/14 | 27824467220 |
| Celéste | Stevens | 11/14 | 27733523520 |
| Janina | Heyns | 11/15 | |
| Jacobus | Theunissen | 11/16 | 27825500223 |
| Mariëtte | Pretorius | 11/17 | 27845309409 |
| Lize | Theunissen | 11/17 | |
| Tienie | Theunissen | 11/17 | 27834688174 |
| Annelu | Van Lill | 11/17 | 27848955974 |

Beursaansoek vorms by kerkkantoor beskikbaar.




Lukas van der Waldt klavierstemmers is op 15 en 22 November in die Caledon area vir enige klavier-stem dienste. Kontak gerus vir Riana by 021 981 5551 om 'n afspraak te rëel.





**Preeknota's**

**Jos.14:6-15**

**'n Verhaal van 'n 45 jaar oue belofte!**

Wat dink jy wanneer jy 'n persoon se groot aantal boeke in biblioteek sien?

Dalk een van twee dinge : 1.Sjoe, het jy al daardie boeke gelees?

2. Wonderlik om te dink ek kan nog soveel leer van daardie boeke?

Boeke is nie 'n aantuiging van wat jy nog nie weet nie, veel eerder 'n aanmoediging om te groei en ontwikkel waar nodig. Bestee dus in boeke wat nog gelees moet word.

God se Woord het 66 boeke in waarin jy kan bestee. Neem dit uit en sien dit as jou eie biblioteek. Geniet God se Woord, groei uit Sy Woord.

Watter boek sal jy eerste wil "uitneem"?

Wat val jou op van Josua se storie?

Josua moes besef die beste is nog oppad – al vat dit 45jaar. Waarna sien jy uit?

Wat se gewoontes kan jy vestig om seker te maak jy kom by God uit? (geloofsgewoontes soos iets wat jy elke dag,week,maand en jaar doen)

Josua was ***toegewyd*** en het ***vertroue*** in God gehad – hoe lyk dit wanneer jy toegewyd is?

Hoe lyk dit wanneer jy vertroue in God het?

(Sien jou bekommernis, praat met God en doen wat Sy plan jou beveel)

## Samaritaanbediening – Eredienste

Daar sal die eerskomende Sondag (10 November) 'n diens om 10 :00 by Waboomkloof wees. Dit sal die laaste erediens van die jaar wees. Ons beplan dan ook ons laaste diens by Jongensklip vir Sondag 24 November om 10:00. Dankie aan almal wat hierdie jaar dienste by die punte bygewoon het. Enige iemand is welkom by die eredienste, maar ons vra ook dat ons boere hulle arbeiders in staat sal stel om saam te kom aanbid. Sonder vervoer kan hulle dit nie bywoon nie.

Werner van den Heever

NG Moedergemeente nooi u uit na ons

# Kerssangdiens

saam met

## Coenie de Villiers
## Laerskool Overberg Kore



**24 November 2024**
**19:00**
**Caledon NG Moedergemeente**
**Gratis**
**Kontant donasies vir hulpbehoewendes**

23ste

# GREYTON SLAGLAMVEILING



*DATUM: 26 November 2024
*TYD: 19:00
*Caledon Gholfklub
*Kontantkroeg & Ligte ete

Navrae:
Gielie Viljoen 082 929 7076

NG KERK Greyton

# TYDLYN KWARTAAL 4

- **28 OKT–2 NOV** – Kersmark
- **NOV** – Sterkte met die oestyd!
- **10 NOV** – Belydenis-aflegging
- **24 NOV** – Gesmentlike Kerssangdiens by Caledon Moedergemente met Coenie de villiers
- **1 DES** – Kategese afsluiting
- **4 DES** – Carrols by candlelight
- **25 DES** – Kersfees diens 09:00
- **31 DES** – Nuwejaars-diens 00:00 2025

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay

SnapScan